iets vir die **jonges ...**

Mapawerland
1ste Vertoning – 08:30 tot 09:30
2de Vertoning – 10:15 tot 11:15
[Tydens die **2 oggenddienste**]
Genesis: Hoofstuk 6
R30 per kind
'n Mosaïek en Planet J produksie. Kom reis saam met Makelen na Mapawerland

Warriors for Jesus
o.l.v. Jacques Naudé
14:00 tot 15:30
[Tydens ***Meditations on Easter***]
Genesis: Hoofstuk 5
R40 per kind
'n Genotvolle aanbieding oor geloof, hoop en liefde geneem uit 1 Korintiërs 13

Paaseiersoektog
12:00 tot 12:30 / Genesis / Gratis
Kom soek 'n paaseier met jou nommer op.

Die volgende aktiwiteite vind van 10:00 tot 15:00 plaas ...

Ponieritte
Lokaal / R20 per kind
Kom ry op die rug van die kleinste miniatuur-perdjies.

Gesigverf
Genesisgebou se binnehof / R20 per kind
Kom versier of word versier ...

Kerse maak
Genesisgebou se binnehof / R20 per kind
Kom maak iets mooi vir Mamma!

Parachute rides
Langs Wholeness / R10 per kind
Kom ervaar die opwinding van valskermspring ... op die grond.

Springkasteel
Langs Genesisgebou / Gratis
Kom baljaar op die springkasteel!

mosaïek
t: 011 268 4700
f: 011 268 4800
info@mosaiek.com
www.mosaiek.com
posbus 1658, fairland, 2030
daniellestraat, fairland

meditations on easter

'n mosaïek versameling van kontemporêre en tradisionele musiek onder leiding van johan heystek en renette bouwer saam met ander kunsvorms deur die inspirerende kunste-span ...

goeie vrydag | 22 april 2011 | 14:00 | mosaïek teatro

10 April tot 27 April 08:00 tot 21:00	**Kruisstasies ... / *Stations of the Cross ...*** 'n Reis deur 12 momente rondom die Kruisiging. (In Afrikaans en Engels, ook vir kinders) In die **Mezzanine** (onderste verdieping van die Communio). Stef van Deventer 011 268 4733 / stefv@mosaiek.com
17 April Sondag	**Palmsondag ...** met Trevor Hudson om **08:30**, **10:15** en **19:00** in die **Teatro**. **Klipkerk *'Lectio Divina' ...*** om **18:00** met Pieter le Roux.
18 April tot 21 April	**Klipkerk *'Lectio Divina' ...*** In die middag om 12:00 en saans om 18:00 en 19:00 is daar 'n byeenkoms in die Klipkerk rondom 'n Heilige Week-tema met ... **Maandag:** Johan Beukes **Woensdag:** Jacques Bornman **Dinsdag:** Tiaan Willemse **Donderdag:** Jeanetta Basson Jacques Bornman 011 268 4708 / jacquesb@mosaiek.com
23 April Saterdag	**'Wagtend op die lewe'** met Willem Nicol. Stil-Saterdag is die dag wat ons wag op die lewe wat van God af kom, deur meditatiewe stap, gesels-wandelinge, en deur in stilte te leer om te luister. In die **Klipkerk** van **10:00** tot **12:30**. Koste: R100 / R120 per persoon Baretta Nel 011 215 7202 / barettan@mosaiek.com **Herinneringsdiens ...** met Neels van der Bergh. Vir persone wat al vriende en familie aan die dood afgestaan het. In die **Klipkerk** om **18:00**.
24 April Sondag	**Opstandingsdag**-oggenddiens ... met Johan Geyser waar ons die Opstanding vier. *[Tema verskil van aand]* – in die **Teatro** om **08:30** en **10:15** . **Klipkerk** om **07:00** en **18:00** met Manie Botha. **Opstandingsdag**-aanddiens ... waar ons Heilige Week afsluit met 'n spesiale musiek- en kunste-belewenis. *[Tema verskil van oggend]* – in die **Teatro** om **19:00**.

13 Maart tot 24 April Nerina Reinach 011 268 4702 nerinar@mosaiek.com	***People Project*** – In lyn met ons passie om 'n verskil te maak in 'n gebroke wêreld, wil ons hierdie jaar in Lydenstyd, as 'n gemeenskap, honger mense dien. Dit is 'n kans om ons te vereenselwig met persone in uitdagende lewensomstandighede. Ons *Missional Expressions*-span nooi jou om hierdie jaar slegs blikkies kos of 'n finansiële bydrae vir blikkies kos saam te bring en in aangewysde ***'I CAN'*** donasieblikke te plaas wat d.m.v. pelgrimstogte versprei sal word.

Goeie Vrydag

paasfest 2011



Besprekings & Navrae
011 268 4700
083 MOS AÏEK
083 667 2435
beleef@mosaiek.com
bemark@mosaiek.com
www.mosaiek.com/paasfest-kaartjies
www.mosaiek.com/paasfest

PROGRAM

22 APRIL 2011

TYD	BESKRYWING	LOKAAL
07:00	***Lectio Divina*** met Jaco de Witt	Klipkerk
08:00	**Kruisstasies** open	Mezzanine [onderste verdieping]
	Café Familia en **Viaticus *Lounge*** open	
08:30	**Eerste oggenddiens** met Trevor Hudson	Teatro
	1ste Vertoning **Mapawerland** – 'n Mosaïek & Planet J produksie	Genesis: Hoofstuk 6
09:00	**Tradisionele Kosmark** open	Markiestente
10:00	**Kinderaktiwiteite** begin	Piazza & Genesis
	Creative Workshop begin	Viaticus 101
10:15	**Tweede oggenddiens** met Trevor Hudson	Teatro
	PUK-Koor o.l.v. Awie van Wyk	Klipkerk
	2de Vertoning **Mapawerland** – 'n Mosaïek & Planet J produksie	Genesis: Hoofstuk 6
12:00	**Kunsuitstalling** – ontmoet die kunstenaar, Ina Pfeiffer	Mosaïek Galery [Teatro]
	The Rabbi of Tarsus met Eckard Rabe	Viaticus 102
	Paaseiersoektog	Genesis
12:30	**1ste Vertoning** **Lig uit Lig** met Annelise Wiid	Klipkerk
14:00	***Meditations on Easter*** met Johan Heystek & Renette Bouwer	Teatro
	Warriors for Jesus o.l.v. Jacques Naudé	Genesis: Hoofstuk 5
15:00	***High Tea***	Café Familia
16:00	**2de Vertoning** **Lig uit Lig** met Annelise Wiid	Klipkerk

iets **gewyds ...**

Meditations on Easter

14:00 tot 15:30 / Teatro
R90 Volwassenes / R65 kinders, skoliere, studente, pensionarisse /
Ook beskikbaar op *Computicket.*

Reeds 'n hoogtepunt op ons kalender, word die simfoniese belewenis, *Meditations on Easter*, weereens aangebied, hierdie keer onder leiding van ons eie maestro, Johan Heystek, met 'n spesiale koor onder leiding van Renette Bouwer.

PUK-Koor

o.l.v. Awie van Wyk
10:15 tot 11:15 / Klipkerk
R80 Volwassenes / R60 kinders, skoliere, studente, pensionarisse /
Ook beskikbaar op *Computicket.*

'n Ensemble van die gewilde en talentvolle PUK-Koor bied 'n verskeidenheid gewyde werke uit hulle repertoire aan.

The Rabbi from Tarsus

Eckard Rabe
12:00 tot 13:30 / Viaticus 102
R80 Volwassenes / R60 kinders, skoliere, studente, pensionarisse /
Ook beskikbaar op *Computicket.*

Teen die agtergrond van 'n tronk in Rome, voorsien *The Rabbi from Tarsus* deur Philip Goble 'n kykie na die vrese, hoop en ontembare geloof van Paulus teen die einde van sy prediking.

Lig uit Lig

Annelise Wiid
1ste Vertoning – 12:30 tot 13:20 / 2de Vertoning – 16:00 tot 16:50
Klipkerk / R80 Volwassenes / R60 kinders, skoliere, studente, pensionarisse /
Ook beskikbaar op *Computicket.*

Die gewilde aktrise en skrywer, Annelise Wiid, neem die gehoor op 'n diepsinnige reis deur die lewe, dood en opstanding van Jesus.

iets **opwindends ...**

Creative Workshop

'n Mez'o-inisiatief
10:00 tot 12:30 / Viaticus 101
R40 per persoon

Kom beleef 'n alternatiewe, multisensoriese belewenis van die Paastyd, saam met *Mez'o*.
Kom wees kreatief en gee uitdrukking aan jou ervaring van Paastyd. 'n *Creative workshop* vir almal ... oud en jonk! 'n *Fun* ervaring met kuns-elemente soos verf, krale, *canvasses*, draad en meer.

paasfest

iets **inspirerends ...**

Kruisstasies

Deurlopend van 10 April tot 27 April van 08:00 tot 21:00
Mezzanine / Onderste verdieping van die Communio

'n Persoonlike bepeinsings- en gebedsbelewenis waar jy deur twaalf momente in Jesus se kruisroete kan beweeg, en op multisensoriese wyse dit beleef. Die stasies kan in Engels en Afrikaans beleef word, en 'n spesiale handleiding is vir kinders beskikbaar ook in Engels en Afrikaans wat deur hulle ouers begelei word.
('n Spesiale aanpassing in die Kruisstasies vind plaas vanaf 22 April.)

Kunsuitstalling

Ina Pfeiffer
Deurlopend van 10 April tot 10 Mei van 09:00 tot 16:00
en op Goeie Vrydag van 07:00 tot 17:00 / Mosaïek Galery

Mosaïek Galery – bied aan Ina Pfeiffer as Paasfees-kunstenaar. *'Encounter'* – 'n Visuele ontmoeting met die ervarings van Ina Pfeiffer, in Mosaïek se kunsgalery. (Teatro ingangsportaal). Ina sal op goeie Vrydag om 12:00 self by die uitstalling wees, waar jy haar kan ontmoet en sy jou vrae oor die uitstalling sal beantwoord.

iets **smaakliks ...**

Tradisionele Kosmarktente

Aan weerskante van die Klipkerk / 09:00 tot 16:00

'n Tradisionele kosmark met 'n verskeidenheid versnaperings ... met onder meer *sushi*, *springrolls*, *gourmet burgers*, kaasborde, pasta, *Thai*-kos, Indiese kos, Duitse kos en 'n dekadente koektafel.

Café Familia & Viaticus *Lounge*

08:00 tot 17:00

Vir 'n oomblik van rustigheid, met 'n lekker koppie tee of koek in die hand, is dít die plek om uit te hang.

'High Tea'

Café Familia / 15:00 tot 16:30 / R120 vir 2 persone

Geniet 'n elegante stapelbord versnaperings vir twee, om Goeie Vrydag mee af te sluit.

Snoepies

Verspreid op Piazza / 09:00 tot 17:00

'n Eenstop-opsie vir ietsie lekkers soos vrugtesap, koeldrank, water, sjokolade en tjips.